# INLIGTINGSGID



STANDVASTIG EN GETROU
LAERSKOOL CONSTANTIAPARK



## Beste Voornemende Gr. R- Sentrum- en Rooikatland-Kleuterskool-Ouers vir 2027

Wat 'n groot voorreg om saam met u voornemende kleuter sy/haar opgewonde eerste tree na Laerskool Constantiapark se raakvat Gr. R-Sentrum of Rooikatland-Kleuterskool vir graad RRR en RR te neem. Hierdie eerste tree uit die liefdevolle ouerhuis is 'n pad wat ons graag saam met u as onderwysvennote in liefde aanpak. Die keuse wat u nou maak om u kleinding in ons troue sorg te plaas kan nie maklik wees nie. Ons praat hier van 'n noue verbintenis van selfs soveel as 9 jaar, van 3 tot 13! 'n Besluit wat gewis nie ligtelik geneem kan word nie. Opvoeding is per slot van sake nie kinderspeletjies nie.

Ons sien met groot verwagting na u wegtrek saam met ons uit aangesien een van die stretegieë wat volhoubare Moedertaalonderrig teen die agtergrond van 'n Christelike etos behels, juis die ingebruikneming van ons Rooikatlandkleuterskool is. Ons doelwit om ons kinders se ontluikende potensiaal te identifiseer en tot prestasie te slyp gaan in hierdie fasiliteit asook ons doelmatige Graad R-sentrum soveel makliker realiseer. Voorts is ons opgewonde oor die implementering van ons sensoriese klas, spesifiek vir ons kleuters. Ons uitgebreide fasiliteite beloof om 'n uiters belonende impak op elke Rooikat se ontwikkeling te hê.

Ons uiters bekwame en liefdevolle personeel staan gereed om u kosbaarste besitting met deernis aan die skoolsisteem bekend te stel, sodat hy/sy binne 'n veilig, vertroude, geborge en liefdevolle omgewing nuwe ruimtes kan verken. U kind, met al sy/haar unieke moontlikhede, sal met u ondersteuning en liefdevolle insette, in vennootskap met ons koesterende onderwysers, gerig word om slaggereed sy/haar formele skoolloopbaan met selfvertroue tegemoet te gaan – daaroor is daar by ons geen twyfel nie.

Ons drie kernwaardes verseker dat Liefde ons daartoe noop om vir mekaar om te gee, Lojaliteit dat ons ons skool en mekaar nie in die steek laat nie en Respek tot gevolg het dat ons ander behandel soos ons behandel wil word. Ons bou op 'n fondasie van waardes 'n nuwe ontwikkelingswêreld waarin elke klein Rooikatjie sy/haar voetspore op pad maan toe begin trap.

Ons slagspreuk "Speel is ons werk" is hóé ons die wát doen wanneer ons ons vlinders uit die kokon laat wikkel en hulle in RooiKatte en RooiSkatte van formaat laat ontwikkel. Vergun ons om Langenhoven se gesegde ietwat te wysig deur aan te kondig dat ons by ons Rooikatlandkleuterskool en Graad R-Sentrum leerwerk, en daarmee saam ontwikkeling van die regte vaardighede, met lekkerkry klaarkry!

Ek kan nie wag om binnekort "Staan saam, wen saam… Rooikatte!", saam met u kind uit te roep nie. Ek is hoendervleisopgewonde om u en u kind kort voor lank te ontmoet.

Hartlike Rooikat-groete

Dr. Louis Dey
Hoof





23 MEI 2026

# Hier is speel ons werk!



*"If the sky is the limit, why are there footprints on the moon?"* Paul Brandt.

Om te kan ontdek, moet ons Rooikatte kan waag en wen, maar om te wil waag moet elkeen veilig voel in sy wêreld.

By die Graad R-Sentrum word ons Rooikatte groter en sterker in 'n veilige gesinskring van klein klasse sodat dáár waar dit saak maak, ons GROOT en met waagmoed kan woeker en oorwin. Hier in ons Graad R-Sentrum en Rooikatland-Kleuterskool waar Rooikatte mág droom, wonder, ontdek, probeer en sonder keer kan vonkel, kry ons kans om te probeer en weer te probeer, totdat elkeen die grense van die skoolwêreld kan oopstoot en die vryheid en verwondering van eie grense kan ontdek.





# Ons is die vangnet vir probeer!

Kreatiwiteit is intelligensie wat speelkans kry en ons is die vangnet vir elke probeerslag! Ons hou van nuwe onderrigmetodes, verryking en om elke breintjie te rek en te strek om uitdagings met katte-moed en -kophou aan te pak, maar alles wat ons leer is ook gewortel in bestaande suksesverhale van leer en aanleer.

RooiKatte en RooiSkatte word aangemoedig om nuut en anders te dink en te doen, dat elkeen van ons RooiKatte kan bollemakiesie en dartel vanuit 'n eie nuwe baan na die maan.

Ons gryp graag elke geleentheid en skep nog geleenthede waar elkeen applous kan kry vir wie hy/sy is en wat hulle doen sodat hulle kan deelneem aan alles wat om hulle wemel!

# Rooikatte is katjie van die baan en balanseer netjies op die X-faktor.



## Klasgroottes

Laerskool Constantiapark is groot waar dit saak maak, maar klein waar dit kinderhartjies raak! Ons skep klein klasse vir ons Graad RRR- en RR- en R-Rooikatjies om in veilig te voel. Ons is ook bevooreg om 'n gekwalifiseerde Juffrou as leiding in elke klas te hê as ook 'n liefdevolle assistent. Ons klasgroottes is tussen 20 en 25 vir Graad R en ons het ook twee roterende assistente. Ons kleuterskool-klasse het tussen 15 en 20 maatjies.

Die Beheerliggaam se beleid is eerder meer klasse as oorvol klasse.

Die klas waarin elke RooiKat en RooiSkat sy stoeltjie vind, moet vir hulle 'n ontspanne ruimte wees. Hulle moet kan gesels en doen sonder huiwering. Hulle moet kan ontdek saam met maatjies sonder om verlore te raak. Hulle moet suksesse kan behaal en kan opkyk en 'n juffrou se glimlag sien en haar vonkeloë moet aanmoedig. In so 'n innige opset het ons tyd om suksesse te vier en uitdagings aan te spreek deur 'n groot hand wat 'n kleiner handjie vasvat en begelei.

# Hoe werk dit in die klas?

## Graad R het 'n voorgeskrewe kurrikulum

Laerskool Constantiapark se Graad R-Sentrum is geregistreer by die Nasionale Departement van Onderwys en ingevolge wetgewing daartoe verbind om die bepalings van die voorgeskrewe nasionale kurrikulum te handhaaf.

Daarvolgens word die drie leerareas soos beskryf vir die Grondslagfase, in ons Graad R-Sentrum se leerprogramme geïmplementeer vir geheelontwikkeling van elke Rooikat:

- Taalvaardigheid (Huistaal)
- Syfervaardigheid (Wiskunde)
- Lewensvaardighede (Fisiese, Persoonlike en Sosiale Ontwikkeling)

Die inhoud, kennis, vaardighede en waardes van die kurrikulum word deur die jaar aan die kleuters oorgedra aan die hand van bepaalde temas. Alle aktiwiteite hierby ingesluit is geskoei op die beginsels van KABV (CAPS), die departementeel voorgeskrewe onderwyssisteem wat die ontwikkeling van die Graad R-maatjies bemagtig en versterk en nuwe vaardighede inoefen.

Die aktiwiteite wat die leerinhoud ontsluit en ons kleutermaatjies in staat stel om die verwagte uitkomstes te bereik, word op 'n informele wyse speels en vrolik aan die kleuters gebied.

Omdat hulle speel, leer hulle flink en vrolik sonder om die leerwerk as regte skoolwerk te sien. Ons sit vinnig handjie by daar waar 'n ekstra hand nodig is. Perseptuele vaardighede is in die kurrikulum ingebou en geniet deurlopend aandag in elke dag se program. Die onderwyservaring van ons Graad R-Sentrum se personeel (wat almal gegradueerd is en meeste ook 'n honneurs in leerlingondersteuning het), stel ons ook in staat om die nasionale kurrikulum op verantwoordbare wyse in belang van ons kleuters te verruim en te verbreed.

## En Graad RRR en RR?

Ons Gr. RRR- en RR-maatjies volg glad nie 'n formele kurrikulum nie, maar wel 'n speel-speel-kurrikulum: dit beteken ons maak groot planne agter die speel-avonture dat ons maatjies elke dag sterker en slimmer word, maar sonder die effe formeler klasstruktuur van die voorskriftelike Graad R-kurrikulum wat weer as voorbereiding vir Graad 1 die pad moet plavei.

Kortom vir 'n mamma-hart:
Almal leer by ons Rooikatland speel-speel, maar party speletjies
is net anders lekker as ander en word bepaal deur 'n maatjie se ouderdom.









# Hoe word ons die kat se snor?

Eers word nuwe konsepte via kinestetiese leer ontsluit en aangeleer en Rooikatjies speel met konkrete hulpmiddels soos klei, blokkies, water en sand en ontdek so die nuwe leerinhoud speel-speel. Hulle vorm syfers en letters op die gras met hulle lyfies, skryf op mekaar se ruggies met die vinger of teen die venster met 'n kokipen. Elke keer nuut en anders.

Daarna word inskerping en verryking met die hulp van tegnologie maan toe geneem. Rooikatjies word bevoordeel met 'n deeglike aanleer van konsepte maar ook voorberei vir 'n moderne wêreld waarin die konsepte op nuwe maniere in aksie kom.















**Fisiese ontwikkeling**

Die inskerping en slyping van beide groot- en fyn- motoriese vaardighede.
Hand-aan-hand daarmee saam ook 'n fokus op gesondheid en veiligheid.

**Sosiaal-emosionele ontwikkeling**

Die vestiging van kerngesonde waardes en 'n eie sosiale identiteit met ruim geleentheid vir aanleer van 'n verantwoordelike waaghouding en die skep van 'n positiewe selfbeeld, gesonde verwerking van kleuteremosies en bou van interpersoonlike verhoudings.

**Kognitiewe ontwikkeling**

Aandag aan begrip, geheue, konsepvorming, gesonde oordeel, redenasievermoëns en probleemoplossing.

**Taalontwikkeling**

Klem en aksent word geplaas op die aanleer van praat- en luistervaardighede. In ooreenstemming met die fisiologiese vorming en groei van die kleuterbrein, word daar wel op 'n verantwoordbare wyse aandag gegee aan die ontwikkeling van ontluikende insidentele lees- en skryfvaardighede.

**Vrolik-bak-en-brou-en-verf-en-bou**

Kreatiwiteitsontwikkeling, sensoriese genot en eksperimentering met kreatiewe probleemoplossing strategieë.

Hier is en bly die lekker van die doen en die belewing daarvan, belangriker as die resultaat.

# KATJIE VAN DIE BAAN

Speel is ons werk en daarom is ons sommer so klein-klein al katjie van die baan met balle en stokke op bane en velde en elke keer, speel ons net meer en weer. Ons kleiner Rooikatte is maklik ook katjie van die baan op die verhoog in 'n koor of spreekkoor of word sommer die kat se snor met Rooikat-pretdae waar ons die boks ook ons speelding maak.

Ons Rooikatte pak speel-speel elke geleentheid aan en selfs op 'n gewone speeldag, maak hulle met hulle skopfietse 'n wille draai op die sterrebaan of kattemaai in die bome op ons speelterrein! Laerskool Constantiapark glo daarin dat elke kind op elke gebied begeester moet word om te ontwikkel. Hier kry elke maatjie 'n gaatjie vir ontwikkel en presteer.









## As die son skyn, wikkel ons lyfies in die skooltuin of sing ons onder die maan!

'n Gekwalifiseerde FLO-onderwyseres (Fisiese oriëntering) wat groot motoriese ontwikkeling met kundigheid ontwikkel in ons Rooikat-Arena waar Rooikatte kan klim en klouter en hol en spring dat elke spiertjie ontwikkel.

Sport-suksesse is van hoë prioriteit in Graad R waar die pionierspaaie wegtrek met bulletjierugby, mini-netbal, mini-krieket, mini-hokkie en skaak- alles in 'n lekker opwindende week!

In Laerskool Constantiapark kry leerlinge die geleentheid om onder leiding van topafrigters aan 14 sportsoorte deel te neem, maar élke leerling hou ook saam konsert en kaskar op die rugbyveld en 'n hele skool dans saam in die revue onder die maan en so vonkel elke Rooikat-ster.

'n RooiKat en RooiSkat se woord, is sy eer en as daar 'n span is, gee ons 'n afrigter en geleentheid om deel te neem!

Ons verhoog kreun tydens konserte en optrede van ons kore, spreekkore, drama, dans tot mini-revue en massarevue. Ons harte klop vrolik saam met ons tone wat die ritmes saamklop.







# Die Graad R-Sentrum en Rooikatland het ons eie kamma-kamma skooldrag!



**Winter**

- Rooi langmouhemp met skoolwapen (Beskikbaar by Constantia Uitrusters).
- Swart langbroek.
- Rooi fleece-baadjie (Beskikbaar by Constantia Uitrusters).
- Swart tekkies en gewone swart kouse.

**Somer**

- Rooi kortmou gholfhemp met skoolwapen.
- Swart kortbroek (RooiSkatte kan ook 'n swart ski-pant dra).
- Alle klere moet duidelik gemerk word, aangesien dit soms so in die speel iewers land, net soos by die huis.
- Rugsakke en skryfbehoeftepakkette is beskikbaar by die Kuierdae.



# Waar koop ons die kamma-kamma-skooldrag?

**Klereverskaffer:**
Constantia Uitrusters, Mendelssohnstraat 490, Constantiapark.

**Rooikat-Klerewinkel**





















# Skoolure vir Graad R

- Die opvoedkundige program word aangebied vanaf 08:00 – 12:30.
- Die Graad R-Sentrum se toegangshekke sluit stiptelik om 08:00 en word eers weer om 12:30 oopgesluit.

**Hoe vroeg?**
Om ouers wat reeds vroeg by die werk moet wees, tegemoet te kom, sal daar reeds vanaf 06:40 toesig op die skoolterrein beskikbaar wees.

**Tot hoe laat?**
Kleuters kan vanaf 12:30 afgehaal word (hierdie is leerlinge wat nie ook van die Graad R-Naskool gebruik maak nie). Ons het 'n wagklas tot 13:45 vir Rooikatjies wat boeties of sussies in die groot skool het en ouers almal eers 13:45 kom oplaai. Die Graad R-Sentrum beskik oor 'n eie Graad R-Naskoolsentrum, wat vanaf 12:30 – 17:30 bedryf word.

# Skoolure vir Graad RRR - RR

- Die opvoedkundige program word aangebied vanaf 08:00 – 12:30.
- Om ouers wat reeds vroeg by die werk moet wees, tegemoet te kom, sal daar reeds vanaf 06:40 toesig op die skoolterrein beskikbaar wees.
- Kleuters wat nie van die naskool gebruik maak nie moes asseblief tussen 12:30 en 13:45 gehaal word.
- Die hekke bly oop vir die kleuters wat gebruik maak van die naskool tot 17:30.







# As die kat weg is, is Oupa, Ouma baas. Hoe gemaak as hulle of iemand anders met afhaal moet help?

Indien dit nie vir u moontlik is om u kleinding self te kom haal nie, moet ons asseblief vooraf daarvan kennis dra (veral op die dae wat 'n onbekende die kleuter om een of ander rede kom afhaal. Ons stuur geen kleuter sonder vooraf-kennisname in die hande van 'n onbekende van die terrein af nie). Die uittekenregister is in die administratiewe kantoor by me. Renska Meiring by die Graad R-Sentrum en by me. Simone van Eck by Rooikatland beskikbaar. Dit moet geteken word as die kleutermaatjie om een of ander rede voor skoolverdaagtyd die terrein moet verlaat.

# Dagprogram van Graad R

| | |
|---|---|
| 06:40 – 07:30 | Goeiemôre! Welkom! |
| 07:30 – 08:00 | Paptyd |
| 08:00 | Groettyd, Bybel,Nuus, Register, Verjaarsdae, Kalenderwerk en Weerkaart.<br>Ons is tjomme met somme.<br>Skeppende kunsaktiwiteite en/of vryspel in die onderskeie aktiwiteitsentrums.<br>Opruim en ons loop 'n draaitjie in ons badkamers. |
| 09:00 | Kosblikkie tyd |
| 09:15 -10:00 | Lekker speel buite.<br>Skeppende kunsaktiwiteite en/of vryspel in die onderskeie aktiwiteitsentrums.<br>Opruim en ons loop 'n draaitjie in ons badkamers. |
| 11:30 | Pret met ons Huistaal/Kuns/ Wiskunde |
| 12:00 | Storietyd Totsiens, Juffrou! Totsiens, maatjies! |
| 12:30 – 13:45 | Wagklas |
| 12:30 – 17:30 | Naskool |





# Dagprogram van Graad RRR en RR: Voldag of Halfdag

| | |
|---|---|
| 06:40 – 07:30 | Goeiemôre! Welkom! |
| 07:30 – 08:00 | Paptyd |
| 08:00 – 08:10 | Ons loop 'n draaitjie badkamer toe. |
| 08:10 – 08:40 | Ons groet mekaar.<br>Bybel, Weerkaart, Nuus-tyd. Ons word slim!<br>Taalontwikkeling en Tema-bespreking.<br>Wiskunde en Wetenskap-eksperimente. |
| 08:40 – 09:00 | Juffrou maak my lyfie slim.<br>Persepsie-tyd (bv. fynmotories, grootmotories, oog-hand koördinasie, lateraliteit, visuele diskriminasie, middellyn-kruising, ens.) |
| 09:00 – 09:30 | Woeker met syfers of ons geniet kuns.<br>Vaardighede, kreatiwiteit en syfers prakties. |
| 09:30 – 10:15 | Kosblik-tyd<br>Ons loop 'n draaitjie badkamer toe. |
| 10:15 – 11:15 | Buitespel |
| 11:15 – 12:30 | Ons word slim in die klas. |
| 12:30 – 13:00 | Middagete |
| 13:00 | Rus tyd. |
| 13:30 – 13:45 | Oggendmaats gaan huis toe. |
| 14:30 | Ons Graad RRR en RR kry een keer per week geleentheid om op perdjies te ry as deel van hulle ontwikkelingsprogram (Equiterapie). |

# Hoe gesels ons met mekaar?












## Informele ouergesprekke:

Voortdurende, informele kontak tussen ouers en personeel is in die Graad R-Sentrum  en Rooikatland van groot belang. Daarom is dit wenslik dat die kleuters deur hul ouers gebring en afgehaal sal word. Ouerdae per afspraak: Ouerdae bied verdere geleentheid om die kleuters se vordering en enige ander sake, sonder hul teenwoordigheid, te bespreek en ook om inligting rakende die skool te deel.

Ouerdag vind in die tweede week van elke kwartaal plaas.
1ste en 2de kwartaal: Individuele afsprake.
3de en 4de kwartaal: Individuele afsprake waar nodig op uitnodiging.

## Inloer by Juffrou:

Mammas en pappas is altyd welkom om enige aangeleentheid rakende hulle kleuter te kom bespreek. Ons werk met 'n afspraak-stelsel om seker te maak dat ouers ons volle aandag geniet. Sou u ons gedurende een van die drie beplande lestye besoek, moet u asseblief nie die klas binnekom nie, meld by me. Renska Meiring in die Graad R-Sentrum se ontvangs aan of by me. Simone van Eck by die Rooikatland-Ontvangs. Ons het ook een keer per kwartaal ’n inloerkuier waar pappa of mamma na hulle RooiKat of RooiSkat se pronkboek of spogboek kom loer.

## Omsendbriewe en die Katjie-Blits of Rooikatlander:

Ons hou ons ouers op hoogte van sake deur middel van omsendbriewe en die weeklikse nuusbrief, die Katjie-Blits wat per amptelike WA-groep aan Graad R-Ouers gestuur sal word en Die Rooikatlander aan ons Graad RRR- en RR-ouers op ‘n Vrydag. Ander belangrike inligting word, wanneer dit nodig is, in die kind se posbus geplaas.

Lees asseblief die briewe noukeurig deur en stuur die posbus die volgende dag terug. Onthou-notas word ook op die Kitsklets-skoolgroep (WA-uitsaaigroep) geplaas. Daar is ook ’n Kitsklets-klasgroep vir dinge wat die klas raak en reëlings vir lekker dae soos kaskar of ander pretdae insluit.

## Terugvoer:

Ons Graad RRR’e en RR’e en R’e se gedrag, deelname aan aktiwiteite, asook ontwikkeling sal deurentyd objektief waargeneem word en opvoedkundige kommentaar en wenke sal, waar nodig, in ouergeprekke hanteer word. Assessering vind deurlopend plaas. Elke kwartaal ontvang ons kleuters 'n vorderingsverslag wat die kleuter se ontwikkeling en prestasie in die onderskeie ontwikkelingsareas aantoon.

# Hoe gesels ons met mekaar?

## Assesseringsverslag vir Graad R

Hierdie sleutel word deur die Departement van Onderwys vereis:

- Nie bereik nie.
- Nie voldoende nie.
- Bevredigend - vereis aandag.
- Gemiddeld - ons moet nog bietjie woeker en woel.
- Goed bemeester.
- Baie goed bemeester.
- Uitstekend bemeester.

## Assesseringsverslag vir Graad RRR - RR

Graad RRR en RR het hul eie unieke verslag met gesiggies.





# Dinge om te weet!

## SKOOLGELD

Skoolgeld vir 2027 word eers op die Algemene Jaarvergadering in Oktober vasgestel.
Aanvangsfooie is die eerste bedrag skoolgeld vir die volgende jaar en betaalbaar teen einde November.
Skoolgeld word as gevolg van die aanvangsfooi eers vanaf Februarie tot Desember betaal.

## KOSPAKKIES

Verversingstyd as 'n roetine-aktiwiteit is deel van die daaglikse opvoedkundige program - die kleuters leer meer oor bv. smake, tekstuur, vorm en hoeveelhede.

Elke kleuter bring daarvoor elke dag ’n voedsame kospakkie saam.
Dit sluit byvoorbeeld in: 'n broodjie, kaas, 'n vrug of groente, joghurt.

Geen aartappelskyfies of snoepgoed nie, want ons sit saam om tafeltjies en eet.

Wanneer een maatjie lekkergoed saambring, lei dit tot groot hartseer en
selfs konflik.

Indien 'n lekkernytjie ingepak word, moet dit so wees dat dit met al die maatjies gedeel kan word, soos met verjaarsdae.

Moet asseblief nie elke week vir die hele klas 'n lekkerny saamstuur nie. Reël eerder 'n spesifieke dag met juffrou vir 'n klasbederfie.

## VRYDAG IS DIE LEKKERSTEDAG!

**BY HIERDIE LEKKER GRAAD R-SENTRUM EN ROOIKATLAND, KOOP JY BEDERFIES MET NET R20!**


Die Graad R-Sentrum en Rooikatland het elkeen ook hulle eie snoepie. Elke kleuter ontvang 'n eie spesiale beursie aan die begin van die jaar.

**STAP 1:**
Bring jou katbeursie met R20.

**STAP 2:**
Betaal jou R20-geldjie uit jou beursie. Ons help die vingertjies geldjies uittel. R20 is meer as genoeg.

**STAP 3:**
Almal se R20 koop eintlik dieselfde bederfies by die Snoepie: 'n tjippie of 'n toffie maar jy kan die geur van jou lekkerdingetjie kies!

Rooikatjies wat besluit om nie ’n Snoepiegeldjie te bring nie, mag net op ’n Vrydag dan ’n eie snoepdingetjie in hulle kosblik inpak.




## SENSORIESE KLAS



Ons heel nuutste ontwikkeling in ons Graad R-Sentrum, is die sensoriese klas wat nuut ingewy is.
Hierdie klas is ontwerp deur arbeidsterapeute wat nou saam met die skool werk. Ons Graad R-personeel is ook opgelei hoe om ons splinternuwe sensoriese klas te laat ontplof in 'n wonderwêreld waar elke maatjie ontwikkel deur vat en vroetel, dartel en draai, klouter en kruip!
Elke klas kry sy beurt in die sensoriese klas per week en so fnuik ons die skerm se impak.

# Dinge om te weet!

## BENODIGDHEDE

Ons skryfbehoeftepakkie bevat alles wat u kleuter gaan nodig hê in die regte grootte vir klein handjies en vingertjies. Ondervinding het geleer dat hierdie skryfbehoeftepakkie ongerief en ongemak deur die loop van die jaar spaar. Hierdie skryfbehoeftepakkie is tydens die Graad R-Sentrum en Rooikatland se Kuierdag in Oktober beskikbaar. Rugsakke is ook beskikbaar.
Ons moedig die koop van die skryfbehoeftepakkie en rugsak aan.

## SPEELGOED

Kleuters mag nie speelgoed saambring nie, omdat die veiligheid daarvoor nie gewaarborg kan word nie en ons graag saam speel en met mekaar speel.

## MEDIKASIE

GEEN medikasie mag toegedien word nie.

## BESERINGS

Alle moontlike maatreëls word getref vir die veiligheid van u kleuter, maar geen verantwoordelikheid kan aanvaar word vir ongelukke wat binne of buite die terrein plaasvind nie.

## AFWESIGHEDE

Indien u kind nie skool toe kom nie word die Graad R-ontvangs of Juffrou voor 08:00 in kennis gestel deur ’n e-pos te stuur. Ons Kleuters by Rooikatland se ouers kontak me. Simone van Eck of Juffrou voor 08:00.

## ALLES KRY ‘N NAAM

Alles word gemerk van hier tot op die maan!
Rooikatjies se besittings moet altyd gemerk skool toe kom, want waar dit soos jou huis voel, land goedjies oral waar ons speel ook op die grond, net soos by die huis!

## VERLORE GOEDERE-BOKS/SOEK-SOEK BOKS

Met oplaai en aflaai van u Rooikat, kan u altyd kom loer by die Graad R- Sentrum se ontvangskantoor in die soek-soek-krat voor me. Renska Meiring se kantoor vir vergete of verlore items.
Vergete goedere word na veertien dae na die klerebank (by George se hek) gestuur.



## ONS WERK IN TEMAS

Ons werk volgens temas. Die kleuters is welkom om van hul eie duidelik gemerkte lees- en prenteboeke saam te bring skool toe om op die tematafel in sy klas te plaas. Hulle mag ook speelgoed of ander dinge wat met die tema verband hou saambring vir die tematafel.

Ons kleuters word opgevoed om versigtig en met respek met boeke om te gaan.

## OMGEESENTRUM

Ons Omgeesentrum isop die terrein en bestaan uit voltydse professionele persone wat allerlei ondersteuning bied van akademiese steun, spraakterapie en arbeidsterapie tot emosionele steun of sommer net wanneer dit nodig is met 'n drukkie of drie! Hierdie Ondersteuningsentrum sorg dat alle Rooikat-harte (klein hartjies en ouerharte) rustig kan klop.

Die professionele span bestaan uit ‘n maatskaplike werker, opvoedkundige sielkundige, spelterapeut, arbeidsterapeute, en spraakterapeute.

# Rooikat-Blitsgids

## ALGEMEEN

**Graad R-Sentrum en Rooikatland**
Me. Ilse Oosthuizen (Departemtenshoof)
Ilse.oosthuizen@lscp.co.za

**Graad R-Sentrum**
Me. Andine Dey (Graadhoof: Graad R)
Andine.dey@lscp.co.za

**Rooikatland**
Me. Marihette Joubert (Graadhoof: Graad RRR en RR)
Marihette.joubert@lscp.co.za

**Graad R-Sentrum-Ontvangs**
Me. Renska Meiring
graadradmin@lscp.co.za
012 761 9520

**Rooikatland-Ontvangs**
Me. Simóne van Eck
ontvangs@rooikatland.co.za

**Bemarking en Kommunikasie**
Me. Annieka Moolman
annieka.moolman@lscp.co.za

**Finansies: Algemeen**
Me. Suzette Swanepoel
finansies@lscp.co.za
012 761 9503

**Finansies: Debiteure**
Mnr. Dirk Fourie
skoolfonds@lscp.co.za
012 761 9510

**Graad R-Naskool**
Me. Niekie Prinsloo
graadradmin@lscp.co.za

**Kafeteria**
Me. Marlaine de Beer
kafeteria@lscp.co.za
012 761 9528 / 012 761 9530

**Omgeesentrum/Ondersteuningsentrum**
Me. Yolandie Greef
lok@lscp.co.za
012 761 9515

**Rooikat-Klerewinkel**
Me. Patricia de Wet
Klerewinkel@lscp.co.za
066 026 7567

## KULTUUR

**Kultuur: Kuns**
Me. Juanita de Koning
076 976 6069
Me. Amorie Fourie
074 891 6469

**Kultuur: Ballet**
Me. Marianne Weidemann
0129971342

**Kultuur: Drama**
Me. Nicole Marais
(Departementshoof: Kultuur)
nicole.marais@lscp.co.za

**Kultuur: Viool & Klavier**
Me. Chrissie-Jane Stassen
076 681 0482

**Kultuur: Moderne Danse en Hip-Hop**
Chanic School of Dance
Chanel
074 329 0000

**Kultuur: Voortrekkers**
Me. Leanie Weidemann
Leanie.weidemann@lscp.co.za

**Sentrum vir die Kunste & Kunswedstryde**
Me. Nicole Marais (Koördineerder)
nicole.marais@lscp.co.za



## SPORT

**Sport: Rugby**
Mnr. Werner Badenhorst
werner.badenhorst@lscp.co.za

**Sport: Bulletjierugby**
Mnr. Werner Badenhorst
werner.badenhorst@lscp.co.za

Me. Aimee-Jane Chapman
Aimee-Jane.Chapman@lscp.co.za

**Sport: Gholf**
Mnr. André Visser
andre.visser@lscp.co.za

**Sport: Mini-hokkie**
Me. Mareli Aspeling
mareli.aspeling@lscp.co.za

**Sport: Skaak**
Me. Yolandé Sutil
yolandé.sutil@lscp.co.za

**Sport: Juniorkrieket**
Mnr. Jaco de Swardt
jaco.deswardt@lscp.co.za

**Sport: Mini-Netbal**
Me. Corlé van Zyl
corle.vanzyl@lscp.co.za

**Sport: Swem**
Mnr. Shaun Norval
shaun.norval@lscp.co.za

**Sport: Tennis**
Me. Leonné Deacon
leonne.deacon@lscp.co.za

**Sport: Bergfiets**
Me. Izelle Cowley
Izelle.cowley@lscp.co.za
Venessa Kleyn
0828644133


# Wat is belangrik om te weet vir later?

Laerskool Constantiapark volg die voorgeskrewe kurrikulum, maar verruim leerlinge se wêreld met verrykings-geleenthede wat in die skoolure geakkommodeer word.

## Skaak en Kodering: met die koning en kuber maan toe!

Laerskool Constantiapark sorg dat leerlinge kreatief dink en leer om analities probleme op te los, daarom oefen ons RooiKatte en -Skatte ook om lateraal te dink met 'n skaakperiode in skooltyd en ook 'n koderingsperiode. Beide SKAAK en KODERING leer ons Rooikatte se breintjies patrone aan wat denke dan tot probleemoplossing begelei. Hierdie is 'n gawe grondslag wat gelê word vir die wegtrek van Wiskunde. Kodering is in 2023 by die voorgeskrewe leerplan vir Graad R en 7 infaseer, maar ons bied die vak al vir 'n paar jaar van Graad R tot 7 as verrykingsvak aan. Ons begin met BLOKKIES dan word blokkies PIONNE en dan gaan pionne maan toe via die kuber!
Die skool se vier moderne rekenaarsentrums word die plek waar ons rekenaarvaardigheid, kodering, Wiskunde-verryking en leesprogramme aanvullend tot elke dag se voorgeskrewe kurrikulum inwerk. Die skool het ook later kleinklas-Wiskunde-onderrig (met 15 leerlinge in 'n klas vir Graad 4 tot 7). Ons het 'n Rooikat-Wiskunde- Sentrum vir sou Wiskunde-ondersteuning nodig word of ekstra syfervaardigheid speel-speel ingeoefen word, vanaf Graad RRR tot 7.






## Einstein + Picasso + Beethoven = Rooikatte roer sonder remme!

Leerlinge se kreatiwiteit in die kuns- en musiekklas word gestimuleer en hulle vaardighede op so 'n manier ontwikkel dat elke kind 'n Picasso en Beethoven wil word. Die analitiese ontleding en probleemoplossings-vaardighede trek weg in die kuns- en musieklesse en bou voort op dit wat in die Wiskundeles gebeur. Saam met die syfers stuur die ontploffing van kleur, die aanleer van 'n tegniek en die verfyning van elke kind se vinger-vaardigheid saam met die analitiese denke elke Rooikat in totaliteit op 'n ontdekkingsreis vol akademiese avontuur!




## KAT se blad, weet jy wat ons weet?

Die akademiese voortreflikheid van Graad R tot Graad 7 is gewortel in uitnemende onderrig wat ondersteun word deur klasassistente wat seker maak dat elke uitdaging in 'n klas in 'n japtrap kaf gedraf word en kinders kan baai in individuele aandag.

Die suksesresep vir uitnemende onderrig is die kombinasie van die fantasie- en 'n verrassingselement in elke klas wat akademie in 'n reuseavontuur laat ontaard!

# Graad R-Sentrum Naskool



## SPEEL is ons WERK!

## Liewe RooiKat en RooiSkat van 2027

Ons huppel van opgewondenheid hier by die R - Sentrum, want ons kan nie wag om jou by ons Naskool te verwelkom nie! Mamma en Pappa kan jou met 'n geruste hart tot laatmiddag by die Graad R-sentrum laat speel, want ons kattemaai die hele middag met opwindende aktiwiteite.








## HÓÉ ONS DIE WÁT DOEN

Sodra ons klaar speel-speel geleer het vir die dag en ons klasse verdaag, kom al die Naskool-Rooikatjies bymekaar en eet 'n heerlike ete vanuit die Graad R-Sentrum se kombuis. Die kombuis voorsien ook later die middag 'n broodjie, vrug en 'n glasie sap.

Daar word daagliks 'n verskeidenheid opvoedkundige ontwikkelingstasies op die terrein uitgesit en elke Rooikatjie kan dan self besluit waar hy/sy wil inskakel. Ons bied ook elke week 'n verskeidenheid groepsaktiwiteite aan. Ons fokus veral daarop om ons lyfies se spiere te ontwikkel deur grootmotoriese aktiwiteite en hou ook ons breintjies en vingertjies besig op die dae wat ons fynmotoriese aktiwiteite aanbied.

## VAKANSIEPROGRAM

Wanneer die vakansies aanbreek en mamma en pappa nog moet werk, is die Naskool se juffrouens steeds daar om vir jou 'n heerlike vakansieprogram aan te bied. Vanaf 07:00 – 17:30. Daar is soveel lekker aktiwiteite wat tydens die vakansieskool aangebied word.
maar een ding is seker:
ons het hope pret en is altyd veilig en geborge.



## Ons sien uit daarna om jou, nuwe RooiKat en RooiSkat, by ons Rooikat-Naskool vir Graad R te verwelkom!

# DAAGLIKSE ROETINE



| | |
|---|---|
| 12: 30 | Graad R-middagete |
| 13:00 | Vryspel en aktiwiteite. |
| 14:15 | Toebroodjies, vrugte en glasie sap. |
| 14:40 | Inskerping-klassies en groepsaktiwiteite |
| 15:30 | Kosblikkie tyd – wat die ouers saam stuur. |
| 16:00 | Vryspel |
| 17:00 | Storietyd en groepspel |
| 17: 30 | Naskool sluit. |

# BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Indien u kind aan buitemuurse aktiwiteite op die skoolterrein deelneem, sal u kind na die aktiwiteite geneem word en weer deur Naskool- personeel gehaal word.



# WEEKLIKSE SPYSKAART

U ontvang elke Vrydag die spyskaart vir die volgende week. U weet dus presies wat u kind geëet het daardie dag en indien daar enige kos-allergieë teenwoordig is, kan ons voorsiening maak vir 'n alternatiewe opsie.

# ALGEMEEN

Ons versoek vriendelik dat u persoonlik u kind kom haal. Indien iemand anders u kind kom afhaal, moet u asseblief vooraf reël deur voor 12:00 'n e-pos te stuur met die persoon wat die kindjie kom haal se ID.(Afskrif van ID Dokument). Stuur dit asb na: graadradmin@lscp.co.za of stuur 'n skriftelike toestemmingsbrief saam met u kind.



# KONTAK ONS

Weet asseblief u is welkom om ons enige tyd te kontak deur 'n e-pos te stuur na graadradmin@lscp.co.za.
Naskool-kontaknommer: 079 372 6439